# VAN DIE REDAKSIE

SEDERT die verskyning van die vorige uitgawe van „Historia" het ons die afsterwe te betreur van een van die beskermhere van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, minister J. H. Viljoen. Op Donderdag 4 Desember 1957, in die vroeë oggendure, het hy die tydelike met die ewige verwissel. Oor sy lewe, sy politieke loopbaan en die dienste wat hy aan die volk gelewer het, is heelwat geskryf. Hier slegs 'n kort huldigings- en herinneringswoord namens die Historiese Genootskap van Suid-Afrika.

Wanneer die geskiedenis van die twintigste eeu in Suid-Afrika eendag geskryf word, sal die tydperk waarin minister Viljoen sy openbare rol gespeel het, seker as een van die belangrikste onderken word. Sy rol was nie skouspelagtig nie; hy het nie juis 'n leidende posisie ingeneem nie — en tog was sy beskeie, byna onopvallende aandeel aan die politieke verwikkelinge sedert 1933, die jaar waarop hy tot die politiek toegetree het, nie onbelangrik nie.

Sy lewe is tipies van baie ander van sy geslag wat na die Tweede Vryheidsoorlog opgegroei het en hulle self van die boereplaas losgemaak het om 'n gestudeerde beroep te volg. Gebore in 1893 in die Hoopstadse distrik, het hy as jong seun die oorlog meegemaak, voortvlugtend saam met sy moeder; daarna eers op twaalfjarige leeftyd op skool gekom, en na voltooiing van sy universiteitsopleiding aan die Grey-Universiteitskollege, Bloemfontein, in 1917 tot die onderwys toegetree.

Van die onderwys na die politiek; ook hierin toon sy loopbaan 'n ooreenkoms met baie van sy tydgenote wat saam met hom op die volksraadsbanke gesit het. Oor sy lang parlementêre loopbaan, vanaf 1933 tot sy dood, met 'n onderbreking van vyf jaar, 1943 — 1948, en sy werk as minister in verskeie portefeuljes sedert 1950 hoef ons hier nie uit te wy nie. Dit is veral as minister van onderwys, kuns en wetenskap dat hy die naaste aan die Historiese Genootskap gekom het.

Op 30 Augustus 1957 het wyle minister Viljoen die tweede kongres van die Historiese Genootskap in Pretoria geopen. Waar hy dikwels geroem is om die onpartydige gehoor wat hy aan partygenoot en teenstander verleen het, kan dit dan ook seker as in ooreenstemming met sy lewensbeskouing geld dat hy in bogemelde openingstoespraak veral die besadigde, objektiewe benadering van die geskiedenis van 'n Leopoldt von Ranke bepleit het. Ons is oortuig daarvan dat wyle minister Viljoen 'n warm belangstelling vir die geskiedenis en vir die ideale van die Historiese Genootskap gehad het. Ons betreur sy heengaan as die van 'n vriend en 'n beskermheer in die ware sin van die woord. Aan sy nabestaandes ook nog van ons kant 'n woord van opregte deelname.